



DIE HOËR TEGNOLOGIESE SKOOL

John Vorster

Geregistreer as 'n nuwingsgewende organisasie
REG NO: 023-864-NPO

Posbus 31714
TOTIUSDAL
0134

Meyerstraat 1072 Tel : 012 332 1760/1/2
Rietfontein
Webblad: www.htsjohnvorster.online



E-POS adresse:

info@htsjv.co.za
finansies@htsjv.co.za
dissipline@htsjv.co.za
adowd@htsjv.co.za
sias.botha@htsjv.co.za

21 September 2020

OUEROMSENBRIEF 16 VAN 2020

Geagte JV-ouers/-voogde

Ek hoop dat dit met elkeen van u baie goed gaan.

By die skool gaan dit goed en poog ons om alle haalbare aktiwiteite en onderrig sover as wat dit vir ons moontlik is normaal te laat voortgaan. Die feit dat ons hierdie jaar nie kon aangaan met sport- en kultuuraktiwiteite soos ons wou nie, keer nie die organiseerders om tans baie beplanning in te sit in die reëlins van 2021 se aktiwiteite nie. Ons bid en vertrou dat Covid 19 ons teen daardie tyd reeds verlaat het sodat ons met passie en dryf kan voortgaan om ons skool en leerders op alle terreine te laat groei en ontwikkel.

Ons het sopas die **nuwe JV-raad vir die 2020/2021 ampstermyn** aangekondig. Baie geluk aan daardie leerders en hulle ouers. Ons sien met verwagting uit na die planne waarmee hulle na vore gaan kom.

Die **gr. 12-leerders** het op Maandag, 14 September met hulle **rekordeksamen** begin. Baie sterkte ook aan hierdie leerders en ouers.

1. AKADEMIESE SAKE

Wat die **akademie van die gr 8-11-leerders** aanbetref, net die volgende:

Die feit dat die leerders tans nog in die kleiner A- en B-groepe skool toe kom bied aan leerders die geleentheid om werklik die werk vir die jaar onder die knie te kry. Daar is vir elke leerder in die klas geleentheid om individuele aandag te kry en te vra wat hulle nie verstaan nie. Moedig asseblief u kind aan om hierdie geleentheid met beide hande aan te gryp. Dis van die grootste belang dat die leerders elke dag voorbereid skool toe kom met alle huiswerk wat hulle die vorige skooldag ontvang het, volledig afgehandel. Daar is genoeg tyd vir die personeel om die verkorte sillabusse af te handel. Die tegnologiese vakke met die praktiese assesseringstake is ook heeltemal op datum; u kind ontvang nog steeds die hoogste standaard van onderrig en word uitstekend voorberei om eendag in die tegnologiese veld sy/haar plek vol te staan.

Ouers, hierdie jaar bied veral vir die **gr 11-leerders** 'n wonderlike geleentheid om uitstekende punte die einde van die jaar te behaal waarmee hulle volgende jaar moet

aansoek doen vir universiteitstoelating. Moenie toelaat dat hulle op die geleentheid uitmis nie. Ons ondervind tans dat van die gr. 11-leerders nie gefokus werk nie. Motiveer asseblief u kind om hard te werk en seker te maak dat hulle die werk onder die knie kry en sodanig nie 2021 met 'n agterstand begin nie.

Die **gr.8- en 9-leerders** word herinner aan die toetsreeks wat op 5 Oktober begin. Onthou dat die leerders slegs op die dae wat hulle toets skryf skool toe kom en direk na die afhandeling van die toetse huis toe gaan. Die alternatiewe dae berei hulle voor vir die volgende dag se toetse. Vergewis uself van die toetstye soos op die toetsrooster aangedui.

Sodra ons die nuutste direkteur vanaf die Minister van Onderwys ontvang rakende die terugkeer van leerders wat van **tuisleer** gebruik maak, sal ons u op hoogte bring in die verband.

2. SKOOLFONDS

Ek maak graag van hierdie geleentheid gebruik om namens myself en die beheerliggaam elke ouer/voog hartlik te bedank vir die wonderlike wyse waarop u die leerders se skoolfonds betaal. In 'n baie onseker finansiële tyd is dit 'n riem onder die hart om te sien dat u dit as 'n prioriteit beskou en ons op die wyse help om slegs die beste vir u kind hier by HTS John Vorster te bied.

3. VROEËR SLUIT VAN DIE SKOOL

Neem asseblief ook hiermee kennis dat die skool vir leerders in die A-groepe op Vrydag, 25 September om 12:00 sal sluit en vir die B-groepe op Maandag, 28 September, ook om 12:00 sal sluit. Hierdie toegewing word op die onderskeie dae aan die leerders gemaak as gevolg van my verjaardag wat verlede week plaasgevind het.

Vriendelike groete



Antoinette Dowd
HOOF